Rooivleis | Red Meat
GAZETTE

2025

Januarie | January

RPO

WHAT'S HAPPENING AT THE RPO
WAT GEBEUR BY DIE RPO

Uit die RPO Nasionaal se kantoor: Nuwe jaar, nuwe dinge

2025 bring groot veranderinge en geleenthede vir die Rooivleisprodusente-organisasie (RPO). Met nuwe projekte soos die nasionale veediefstalrapporteringstelsel, 'n opgedateerde handleiding vir veeboerdery, en 'n uitgebreide mediastrategie, is hulle doel om produsente beter te ondersteun en die bedryf vorentoe te neem.

LEES MEER HIEROOR IN AFIKAANS

READ MORE ABOUT THIS IS ENGLISH

LOCAL NEWS | PLAASLIKE NUUS

FMD and vaccination: Familiarise yourself with the facts

A recent media article stating that the public could purchase foot-and-mouth disease (FMD) vaccines from Onderstepoort Biological Products (OBP) confused livestock producers. The National Red Meat Producers' Organisation (RPO National) has taken the matter up with the relevant publication, who then issued a correction afterwards.

READ MORE



Namibiese grens weer oop vir invoer van SA-bulsemen

Suid-Afrika se dieregesondheidstatus het veroorsaak dat ons grense vir sommige van ons veeprodukte en lewendehawe-uitvoere gesluit was. Die hoofrede is die verlies aan ons bek-en-klouseer (BEK)-vrye status en daaropvolgende uitbrekings van die siekte. Volgens `n verklaring deur die Rooivleisprodusente-organisasie (RPO), het die uitvoer van sekere produkte (onder meer rooivleis) na verskillende lande weer hervat en die afgelope jaar nuwe hoogtes bereik. Die land se grense het egter toe gebly vir die uitvoer van genetiese materiaal. Dit sluit lewendige diere vir teeldoeleindes, semen en embrio's in.

LEES MEER

RMIS releases first-ever Red Meat Industry Report

Red Meat Industry Services (RMIS) released its first-ever Red Meat Industry Report, providing relevant role-players with an overview of the international and domestic red meat industry, as well as an analysis of the trends shaping supply, demand, and prices.

READ MORE

Zim maak grense oop vir vee vanaf SA

Organisasies binne die rooivleisbedryf werk hard agter die skerms om die pad gelyk te maak vir rolspelers in die waardeketting en die resultate begin die een na die ander na die oppervlak stoot.

Laat verlede jaar is bekend gemaak dat bulsemen na Namibië uitgevoer mag word. Dit was maar een van die deurbrake wat bereik is.

Die tweede deurbraak was die onlangse bekendmaking dat lewendige skape, beeste en bokke in die toekoms na Zimbabwe uitgevoer mag word.

LEES MEER

INTERNATIONAL NEWS | INTERNASIONALE NUUS

Bek-en-klouseer breek in Duitsland uit

Die geval van bek-en-klouseer (BEK) wat onlangs op ‘n plaas by Hönow in Duitsland uitgebreek het, is van die O-stam van BEK, wat nie in Suid-Afrika voorkom nie. So sê die direkteur van die Veearts Netwerk, dr Danie Odendaal. Die stamme SAT 1, 2, en 3 kom in Suid-Afrika voor. Hoewel die uitbreking dus niks met Suid-Afrika te doen het nie, sal die geval sonder twyfel die sensitiwiteit rondom BEK by die EU verskerp en die feit bevestig dat BEK potensieel op enige plek kan uitbreek.

LEES MEER

TECHNICAL ARTICLES | TEGNIESE ARTIKELS

Effek van die groot droogte op veegetalle in die Sentraal-Karoo

Die afgelope droogte in die Sentraal-Karoo het in die eerste helfte van 2015 begin en tot Oktober 2021 geduur. Wetenskaplikes meet droogte onder andere met behulp van ’n standaard reënvalindeks (standardised precipitation index) wat die verspreiding van historiese reënvaldata vir ’n bepaalde weerstasie in ag neem. In dié geval strek die historiese rekord oor meer as ’n eeu.

LEES MEER

Effect of prolonged drought on livestock numbers in the Central Karoo

The recent drought in the Central Karoo started in the first half of 2015 and lasted until October 2021. Scientists measure drought using, among others, a standardised precipitation index that takes into account the distribution of historical rainfall data for a particular weather station. In this case, the historical record spans more than a century.

READ MORE

INTERVIEWS | ONDERHOUDE

Vooruitsigte en vernuwing vir die RPO

Die spreekwoord lui: “Nuwe jaar, nuwe dinge” en dit is presies wat op die RPO se spyskaart vir 2025 is. Dr Frikkie Maré het by Plaas TV gaan kuier en meer hieroor uitgebrei.

RMIS-verslag plaas tendense en data in die kollig

Die Rooivleisbedryfsdienste (RMIS) se nuwe omvattende bedryfsverslag is vir die eerste keer in Desember vrygestel. Dewald Olivier het onlangs met Plaas TV hieroor gepraat.

FROM OUR PARTNERS | VAN ONS VENNOTE AF

Thrive in 2025: A risk management overview for red meat producers

We understand the unique challenges you face as a South African red meat producer and at IntegriSure, we are committed to supporting you. The year ahead will once again present hurdles, such as the threat of disease outbreaks, the impact of climate change, and the never-ending pressure of rising input costs. While this article provides an overview of these challenges, we will explore each one in detail, along with the available risk solutions, in a series of articles throughout the year.

IntegriSure

READ MORE

FEBRUARY CALENDAR | FEBRUARIE-KALENDER

6 Februarie 2025 RPO WES-KAAP BESTUUR	**18 Februarie 2025** RPO NOORDWES DAGBESTUUR (09:00) ALGEMENE RAAD (11:00) VEEDIEFSTAL (14:00)	**21 Februarie 2025** RPO VRYSTAAT BESTUURSOPLEIDING EN VEEDIEFSTAL
12 Februarie 2025 RPO-UITVOERENDE RAAD RPO VRYSTAAT INLIGTINGSDAG	**19 Februarie 2025** LIMPOPO VEE- EN WILDDIEFSTAL	**25 Februarie 2025** MPUMALANGA-BESTUUR
13 Februarie 2025 NASIONALE DIEREGESONDHEIDFORUM RPO-UITVOERENDE RAAD RPO-DAGBESTUUR	**20 Februarie 2025** MPUMALANGA VEEDIEFSTAL-VOORKOMING NOORDWES DIEREGESONDHEIDFORUM	**26 Februarie 2025** VRYSTAAT DIEREGESONDHEIDFORUM

PARTNER SPONSORS | VENNOOTBORGE

Voermol
What nature lacks - Voermol will provide

IntegriSure

Rooivleis / Red Meat Gazette is made possible by the Read Meat Statutory Levy administered by RMIS. RMIS